DIE VOORDELE
VAN 'N GESONDE LEWE

Opsies vir 2016

Oktober 2015

NG Kerk in SA
Discovery Health-ledebrief

Opsiehernuwing is een tyd van die jaar wanneer u die geleentheid gegun word om u mediese skema-opsie te verander.

Dit is 'n verandering wat u en u gesin se gesondheid direk sal beïnvloed. U word gevolglik sterk aangemoedig om seker te maak dat u die vlak van dekking kies wat vanaf **1 Januarie 2016** die beste by u behoeftes sal pas.

Neem asseblief tyd om die verandering in u skema vir 2016 te bestudeer, sodat u al die nodige inligting in ag kan neem om u in staat te stel om goeie besluite te neem, en die voordele daarvan te geniet om gesond te leef.

Is u tevrede met u huidige mediese skema-opsie?

Om u mediese skema-opsie te verander is nie verpligtend nie. Indien u tevrede is met u huidige opsie, en glo dat dit sal aanhou voldoen aan u en u gesin se gesondheidsbehoeftes vir die komende jaar, is u welkom om voort te gaan met u gekose opsie. U hoef nie enige vorms te voltooi nie, maar neem asseblief kennis van veranderinge wat vanaf 2016 op u plan van toepassing mag wees.

Wil u u bestaande skema-opsie verander?

Om u mediese skema-opsie te verander, moet u asseblief die **Opsie-veranderingsvorm (Bylae B)** voltooi en stuur aan **Christine Lombard** teen nie later nie as **27 November 2015**.

Let asseblief daarop dat indien u nie die **sinodale kantoor** voor die spertyd van u keuse in kennis stel nie, u op u huidige opsie sal bly en eers weer aan die einde van 2016 die geleentheid sal hê om te verander.

Die posadres is soos volg:

NG Kerk in SA (Medies)
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535

Navrae met betrekking tot die invul van die vorms, kan aan Christine Lombard gerig word by:

☎ 021 957 7106
🖷 021 957 7101
E-pos: medies@kaapkerk.co.za

HEALTH

ALEXANDERFORBES
Securing your financial well-being

Alexander Forbes Health is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer (FSP 33471).
CMS registrasienommer ORG 3064

Belangrike vrae om te vra

- Was u mediese spaarrekening genoeg vir hierdie jaar?
- Hoeveel gaan u moontlik volgende jaar nodig hê?
- Het u die bogenoemde drempelvoordeel bereik as 'n lid van 'n Prioriteit-, Omvattende of Eksklusiewe plan?
- Benodig u omvattende dekking of sal 'n spaarderplan meer geskik wees?
- Watter plan sal die beste dekking bied vir u behoeftes ten opsigte van chroniese medikasie?

U kan 'n eisegeskiedenistransaksieverslag (EGTV) aanvra by Discovery Health (0860 99 88 77) om u mediese skema-verbruik van die afgelope jaar na te gaan. Dit sal u help om 'n ingeligte besluit te neem vir 2016.

Elektroniese Navrae

Indien u toegang tot die internet het, kan u die webwerf van Discovery Health (**http://www.discovery.co.za)** besoek vir inligting rakende die werking en voordele van die skema. U kan ook aansoek doen vir toegang tot u persoonlike inligting en die verwerking van u eise.

Wil u graag leiding hê in die neem van u besluit?

U **Alexander Forbes Health-konsultant** sal u kan help om u besluit vir 2016 te neem sodat u en u gesin die voordele van 'n gesonde lewe kan geniet.

Rachelle Swart
Alexander Forbes Health Stellenbosch

☎ 021 809 3743
🖷 021 809 2820
E-pos: swartra@aforbes.co.za

Kliënt Navraag Sentrum
Alexander Forbes Health Stellenbosch

☎ 021 809 3777
E-pos: clientspecialist@aforbes.co.za

Weens slegs geringe voordeelwysigings van die Discovery Health Mediese Skema vir 2015, het die Mediese Komitee besluit dat geen lede-inligtingsessies in streeksverband sal plaasvind nie.

U word egter aangemoedig om met Christine Lombard of met een van die Alexander Forbes Health-konsultante rakende mediesverwante advies in verbinding te tree.

Hoeveel sal u in 2016 betaal?

Discovery Health se algehele geweegde gemiddelde bydraestyging oor alle opsies, effektief vanaf 1 Januarie 2016, was 8,6%. Die meeste planne sal egter 'n styging van **8,9%** hê, met die uitsondering van die Klassieke Spaarder-, Essensiële Spaarder-, Klassieke Kern- en Essensiële Kern-planne wat 'n styging van **7,9%** sal hê. Vir lede op die KeyCare-planne het die inkomstebande gestyg met VPI + 2% (5,5% + 2%). Verwys asseblief na die **bydraetabel (Bylae A)** vir besonderhede.

Inligting aangaande die NG Kerk in SA-lede

Daar is tans 591 lede van die NG Kerk in SA wat aan 18 verskillende opsies van Discovery Health deelneem. Die gemiddelde ouderdom van die groep se lede is 61-jaar, wat aansienlik hoër is as die gemiddelde ouderdom van ander lede op die Discovery Health Mediese Skema.

56.6% van die NG Kerk in SA se lede is tans vir 'n chroniese siektetoestand geregistreer. Hoë bloeddruk, cholesterol en diabetes is die drie top chroniese siektetoestande waarvoor die NG Kerk in SA-lede geregistreer is.

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Inligting aangaande die Welweesdae wat tydens die 2015 Sinodesitting aangebied is:

Daar het 121 werknemers, met ’n gemiddelde ouderdom van 52-jaar. die welweesdae bygewoon.

Wat leefstyl faktore betref, word die volgende uitgewys:

- 66% van die lede eet minder as vyf porsies groente en vrugte per dag
- 39% van die lede oefen minder as 150 minute per week
- 82% van die lede se liggaamsmassa indeks is hoër as normaal
- 76% van die 121 lede het drie risiko faktore of meer.

1. Algemeen

Voordeelveranderinge

- Die drempelvlakke op die Omvattende planne het met 9,9% toegeneem, en met 8,9% op die Prioriteitplanne.

2016 Drempelvlakke:

Plan	Hooflid	Volwassene	Kind
Eksklusief	R14 850	R14 850	R2 800
Omvattend	R13 840	R13 840	R2 620
Prioriteit	R11 960	R8 990	R3 910
Prioriteit bo drempelvlak	R10 180	R7 250	R3 500

- Onkologie-limiete bly dieselfde teen R400 000 op die Eksklusiewe en Omvattende planne en teen R200 000 op die Prioriteit-, Spaarder-, en Kern-planne. Die KeyCare reeks planne het ’n Onkologie-voordeel slegs ten opsigte van Voorgeskrewe Minimum Voordeel Siektes.
- Die Prioriteitplan-aftrekkings (bybetaling) het toegeneem en sal strek van R2 550 tot R12 600.
- Die Deltaplan se aftrekking (bybetaling) vir beplande prosedures by nie-netwerkhospitale het toegeneem vanaf R5 950 tot R6 450.
- KeyCare-planveranderinge sluit in:
  - Buite-netwerk-doktersbesoeke het verhoog van een tot vier besoeke per afhanklike per jaar.
  - KeyCare Toegang- en Pluslede moet na hul 15de huisdokterbesoek (per afhanklike), vooraf goedkeuring verkry vir toegang tot verdere huisdokterbesoeke.
  - Geen voordeel vir alle nie-voorgeskrewe minimumvoordeel-chirurgie en -behandeling wat verband hou met knieë en skouers nie.
- Binne-hospitaal- of dagkliniek-tandesorg-aftrekkings (bybetalings) het verhoog:

Lidkategorie	Hospitaal		% styging	Dagkliniek		% styging
	2015	2016		2015	2016	
Lede jonger as 13	R1 700	R1 850	8,8%	R800	R850	6,2%
Lede ouer as 13	R4 400	R4 800	9%	R2 850	R3 100	8,7%

2. Nuwe Voordele vir 2016

- Die nuwe **Discovery Health Slimplan**, bied ’n ten volle digitale ervaring en maak gebruik van die nuutste slim tegnologie.
- Belangrikste voordele:
  - Onbeperkte hospitaaldekking teen 200% van die Discovery Health-tarief deur Slimplannetwerk-hospitale.
  - Onbeperkte dekking vir chroniese medikasie vir voorgeskrewe minimumvoordeel-toestande, onderhewig aan die medisynelys deur MedXpress, Clicks of Dis-Chem

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

  - Buitenetwerk hospitaal bybetaling van R7 500.
  - Onbeperkte huisdokterbesoeke deur die Slimplannetwerk, onderhewig aan 'n R50 bybetaling per besoek.
  - Onbeperkte video-oproepkonsultasies met huisdokters deur die Slimplannetwerk, ten volle gedek.
  - Onbeperkte akute medikasie voorgeskryf deur netwerkhuisdokters, verkrygbaar deur Clicks of Dis-Chem, onderhewig aan 'n R10 bybetaling per lynitem.
- Toegang tot **genetiese toetsing** deur Human Longevity Inc, 'n wêreldleier in genoomreekse en -interpretasie, wat volledige eksoom-, voorgeboorte en pasgebore sifting insluit.
- Die **Gevorderde siekte-voordeel**, wat dekking aan kankerpasiënte sal verskaf, gelewer deur huisdokters wat spesialiseer in einde-van-die-lewe-sorg. Die verpersoonlikte, hoë-aanrakingervaring sluit voordele soos die Discovery-tuisversorging en dienste van 'n toegewyde sorgkoördineerder in.
- **Onbeperkte dekking vir toestelle vir spinale chirurgie** deur 'n voorkeurverskaffer, andersins onderhewig aan 'n vasgestelde limiet by 'n alternatiewe verskaffer.

3. Vitality

- 'n Nuwe **Vitality Active Rewards** sal lede weekliks beloon vir die bereiking van persoonlike doelwitte, wat nagespoor sal word deur middel van die Discovery-program op hulle slimfoon of die Apple-horlosie se fiksheidstoestel. Lede mag kwalifiseer vir 'n gratis Apple-horlosie indien hulle weeklikse doelwitte behaal. Indien nie, sal die koste vir die Apple-horlosie ingevorder word deur die Discovery Card.
- Die hoeveelheid maksimum fiksheidspunte is verander na 30 000 vir volwassenes en 20 000 vir kinders.
- 'n Aparte assesseringspuntestelsel is geskep vir fiksheidsassesserings en oefening-konsultasies. Hierdie assesserings sal nie meer by die fiksheidspuntekategorie bygetel word nie.
- Kinders sal dieselfde aantal punte vir fisiese aktiwiteite as volwassenes vanaf 6 jaar en ouer verdien en sal gimnasiumpunte vanaf 12 jaar kan versamel.
- Nuwe **Vitality Healthy Kids** is 'n elektroniese gesondheidsrekord wat ouers toelaat om hulle kinders se gesondheid op te teken en na te gaan vanaf geboorte tot op 18-jarige ouderdom.
- Gesinne kwalifiseer vir 'n geskenkbewys van R250 om te bestee by enige HealthyLiving-vennoot indien al die kinders voor 30 April 2016 die volgende toetse voltooi/ aflê.
  - Kids Vitality Gesondheidsoorsig
  - Kids Vitality Gesondheidsondersoek
  - Tandgesondheidsondersoek
  - HealthID-toestemming

4. Mediese Gapingsdekking-versekering

Gapingsdekking-produkte is korttermynversekeringspolisse wat die verskil dek tussen die mediese skema-tarief en die verskaffer se tariewe (narkotiseurs, chirurge, spesialiste en huisdokters) vir prosedures wat in die hospitaal gedoen word, onderhewig aan sekere beperkings. Selfs op u mediese skema se meer omvattende opsies, kan u steeds gapings vind tussen die tarief wat die skema betaal en die bedrag wat die diensverskaffer vra. Het u reeds 'n gapingsdekking-produk gekies wat hierdie gapings in u dekking aanspreek? Oorweeg dan die 2016 veranderinge wat aangebring is aan u mediese skema se dekking, tesame met enige verandering in u gapingsdekking, om seker te maak dat u keuses steeds u blootstelling aanspreek.

U gapingsdekking-versekering bydrae sal styg van R95 tot **R104** per gesin per maand vanaf 1 Januarie 2016.

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Die huidige Admed Opsie 4 sal vanaf 1 Januarie 2016 'n naamsverandering ondergaan. Die nuwe produknaam sal **Admed Supreme** heet.

Die verskille in produkte word kortliks hieronder uiteengesit:

Opsie	Supreme (2016)	Opsie 4 (2015)
Tarief	✓	✓
Hospitaal Bybetalings/Voorafbetalings	✓	✓
Interne Prostese	✓	✓
VMV	✓	✓
Kanker - uitbetaling	✓	✓
Persoonlike ongeluksdekking	✓	✓
Kankervoordeel	✓	✓
Tandheelkundige voordeel na 'n ongeluk	✓	✖
Langtermyn hospitaal uitbetaling	✓	✖
Hello Doctor	✓	✓

Admed Supreme sluit beter voordele in en sal dus meer waarde toevoeg vir lede.

Veranderinge sluit die volgende voordele in:

- 'n Vasgestelde betaling vir buitehospitaal-tandheelkundige dienste indien dit benodig word na 'n ongeluk
- 'n Eenmalige uitbetaling van R25 000 indien 'n persoon 30 agtereenvolgende dae in die hospitaal deurbring

5. Verbintenis deur Alexander Forbes Gesondheidsorgkonsultante

As 'n kliënt van Alexander Forbes Health kan u verseker wees van ons onwrikbare verbintenis daartoe om u te help om in 2016 die voordele van 'n gesonde lewe te geniet.

Ons **SERVE** model bestuur die maniere waarop ons sake doen by Alexander Forbes. Ons streef daarna om Eenvoudige (**Simple**) en Kenner- (**Expert**) innoverende oplossings te lewer wat langdurende Verhoudings (**Relationships**) bou, gevestig op die Waarde (**Value**) van vertroue – alles om u lewe te verryk (**Enrich**) deur diens te lewer wat 'n impak maak**.**

Meer inligting

Volg **#AF_Health** op Twitter om sodoende u vinger op die mediesefondsbedryf se pols te hou.

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Lees deur die webwerf www.discovery.co.za	Brosjure gestuur deur Discovery Health	Nasionale instapsentrums
Alexander Forbes/ mediesefondswebwerf: www.afhealth.co.za/discoveryhealth	Stellenbosch: +27 (0)21 809 3777 of clientspecialist@aforbes.co.za	Alexander Forbes Klagtes: Aanlyn: www.alexanderforbes.co.za E-pos: contactus@aforbes.co.za Telefoon: +27 (0)11 669 7026 Faks: +27 (0)11 263 1343 Stuur 'n brief per pos aan: Klagtekantoor Posbus 787240 Sandton 2146
Lees Health Mag: http://issuu.com/alexanderforbescomms/docs/discovery2016		
Kyk CorpCam: http://www.corpcam.com/AFDiscovery2016		Kyk die DVD's

6. Belangrike reëlings rondom lede en afhanklikes

Geen telefoniese veranderings sal aanvaar word nie. Maak asseblief seker dat u vorm ons bereik. Die lede is self verantwoordelik daarvoor dat die vorm ons voor die sperdatum (27 November 2015) bereik. Ons sal so gou moontlik per e-pos of per brief die nodige ontvangserkenning doen. Skakel gerus indien u twyfel. Discovery Health gaan nie toegewings maak in gevalle waar lede nie betyds die plankeuse bevestig nie.

- Neem asseblief kennis dat die plankeusevorms **slegs gebruik moet word om 'n verandering van plankeuse aan te dui.** Die gewone Discovery aansoekvorms moet deur **nuwe lede** wat vir die eerste keer by die medies wil aansluit, ingevul word. Diegene **wat afhanklikes wil byvoeg,** moet die toepaslike vorms daarvoor gebruik. Die vorms is by Christine Lombard beskikbaar. Vir die verwydering van afhanklike, rig skrywe per brief, faks of e-pos.
- Indien u op 'n opsie is wat oor 'n mediese spaarrekening beskik en u beplan om gedurende die jaar 'n afhanklike se lidmaatskap te kanselleer, moet u daarop let dat Discovery Health 'n **terugverhaling** van u kan hef indien u op daardie stadium reeds te veel van u mediese spaarvoordele benut het.
- U skriba en kerkraad moet van enige veranderinge aan u plankeuse, met die oog op die aanpassing van die **debietorder**, in kennis gestel word. Dit geld ook vir veranderings gedurende die jaar soos wanneer u 'n afhanklike (bv. volwasse kind) se lidmaatskap wil kanselleer of 'n afhanklike (ouer of baba) wil byvoeg.

Die skriba moet dan onmiddellik vir Christine Lombard in kennis stel van sodanige wysiging.

Indien u 'n afhanklike se lidmaatskap wil kanselleer moet u ons een maand kennis gee. In sulke gevalle benodig ons die volle name en geboortedatum, asook datum van verandering.

Vriendelike groete

Kenny Raats

BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE

Vrywaring: *Alhoewel alle redelike sorg geneem is in die samestelling van hierdie kommunikasie, het ons staatgemaak op die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat aan ons beskikbaar gestel is deur die onderskeie skemas en produkverskaffers. Gevolglik kan ons nie enige verantwoordelikheid aanvaar vir enige foute of weglatings wat kan ontstaan as gevolg van vertroue op sodanige inligting nie. Let asseblief daarop dat die mediese skema-veranderinge steeds onderhewig is aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas. Alexander Forbes Health sal u ingelig hou oor verdere inligting en veranderinge waarvan ons bewus raak.*

DIE VOORDELE
VAN 'N GESONDE LEWE

Opsies vir 2016

Bylae A: 2016 Discovery Health-bydraes

Reeks	Plan	Hooflid	Volwasse afhanklike*	Kinder-afhanklike*
Eksklusief	Eksklusief	R 4 953	R 4 953	R 942
Omvattend	Klassiek Omvattend	R 4 026	R 3 809	R 802
	Klassiek Delta Omvattend	R 3 626	R 3 432	R 721
	Klassiek Omvattend Zero MSR	R 3 020	R 2 857	R 602
	Essensieel Omvattend	R 3 383	R 3 198	R 681
	Essensieel Delta Omvattend	R 3 047	R 2 877	R 611
Prioriteit	Klassiek Prioriteit	R 2 700	R 2 125	R 1 080
	Essensieel Prioriteit	R 2 321	R 1 822	R 925
Spaarder	Klassiek Spaarder	R 2 344	R 1 846	R 938
	Klassiek Delta Spaarder	R 1 872	R 1 476	R 752
	Essensieel Spaarder	R 1 862	R 1 397	R 745
	Essensieel Delta Spaarder	R 1 487	R 1 118	R 596
	Kusstreek-Spaarder	R 1 862	R 1 397	R 750
Slim	Slim Plan	R 1 397	R 1 099	R 557
Kern	Klassiek Kern	R 1 745	R 1 373	R 698
	Klassiek Delta Kern	R 1 397	R 1 099	R 557
	Essensieel Kern	R 1 499	R 1 123	R 601
	Essensieel Delta Kern	R 1 198	R 900	R 480
	Kusstreek-Kern	R 1 302	R 976	R 519
KeyCare	KeyCare Plus (R0 - R290)	R 290	R 290	R 290
	KeyCare Plus (R291 - R7 550)	R 832	R 832	R 301
	KeyCare Plus(R7 551 - R10 750)	R 1 165	R 1 165	R 326
	KeyCare Plus (R10 751+)	R 1 734	R 1 734	R 464
	KeyCare Access (R0 - R4700)	R 586	R 586	R 256
	KeyCare Access (R4 701 - R7 550	R 782	R 782	R 281
	KeyCare Access (R7 551 - R10 750)	R 1 129	R 1 129	R 317
	KeyCare Access (R10 751+)	R 1 695	R 1 695	R 458
	KeyCare Kern (R0 - R7550)	R 665	R 665	R 173
	KeyCare Kern (R7 551 - R10 750)	R 830	R 830	R 204
	KeyCare Kern (R10 751+)	R 1 281	R 1 281	R 289

**Bydraes word tot 'n maksimum van 3 kinders gehef; Afhanklikes ouer as 21 jaar word as volwasse afhanklikes beskou*

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

2016 VITALITY & KEYFIT BYDRAES

Grootte van gesin:	Enkellid	Lid met een afhanklike	Lid met twee of meer afhanklikes
Vitality	R199	R239	R269
KeyFIT	R43	R53	R65
Vitality & KeyFIT	R215	R259	R299

MEDIESE SPAARREKENING (MSR)

Reeks	Plan	Hooflid		Volwasse afhanklike		Kinderafhanklike*	
		Jaarliks	Maandeliks	Jaarliks	Maandeliks **	Jaarliks	Maandeliks**
Eksklusief	Eksklusief	R 14 856	R 1 238	R 14 856	R 1 238	R 2 820	R 235
Omvattend	Klassiek	R 12 072	R 1 006	R 11 424	R 952	R 2 400	R 200
	Klassiek Delta	R 10 872	R 906	R 10 296	R 858	R 2 160	R 180
	Essensieel	R 6 084	R 507	R 5 748	R 479	R 1 224	R 102
	Essensieel Delta	R 5 484	R 457	R 5 172	R 431	R 1 092	R 91
Prioriteit	Klassiek	R 8 100	R 675	R 6 372	R 531	R 3 240	R 270
	Essensieel	R 4 176	R 348	R 3 276	R 273	R 1 656	R 138
Spaarder	Klassiek	R 7 032	R 586	R 5 532	R 461	R 2 808	R 234
	Klassiek Delta	R 5 616	R 468	R 4 428	R 369	R 2 256	R 188
	Essensieel	R 3 348	R 279	R 2 508	R 209	R 1 332	R 111
	Essensieel Delta	R 2 676	R 223	R 2 004	R 167	R 1 068	R 89
	Kus	R 5 580	R 465	R 4 188	R 349	R 2 244	R 187

** 'n Maksimum van drie kinders word in berekening gebring wanneer die jaarlikse MSR-toewysing bereken word.*
** *Waar van toepassing word die maandelikse MSR-toewysing ingesluit in die totale maandelikse bydrae.*

JAARLIKSE DREMPELVLAKKE

Plan	Hooflid	Volwasse afhanklike	Kinderafhanklike
Eksklusief	R 14 850	R 14 850	R 2 800
Omvattend	R 13 840	R 13 840	R 2 620
Prioriteit	R 11 960	R 8 990	R 3 910

** 'n Maksimum van drie kinders word in berekening gebring wanneer die jaarlikse drempelvlak bereken word.*

JAARLIKSE BO-DREMPELLIMIET

Plan	Hooflid	Volwasse afhanklike	Kinderafhanklike
Prioriteit	R10 180	R 7 250	R 3 500

** 'n Maksimum van drie kinders word in berekening gebring wanneer die jaarlikse bo-drempellimiet bereken word.*

BOETES VIR LAAT AANSLUITING

Let asseblief daarop dat hierdie tariewe die standaard- Discovery Health tariewe is en nie enige boetes insluit vir laat aansluiting (BLA) wat gehef kan word op 'n aansoeker of die volwasse afhanklike van 'n aansoeker van ouer as 35 jaar nie. Afhangend van die aantal jare wat hulle nie aan 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse mediese skema behoort het nie, kan 'n addisionele boete ('n persentasie van die bydrae) gevoeg word by die lid se maandelikse bydrae, soos getoon in die tabel hieronder:

Boetegroep	Maksimum boete
1 – 4 jaar	0,05 × bydraes
5 – 14 jaar	0,25 × bydraes
15 – 24 jaar	0,50 × bydraes
25+ jaar	0,75 × bydraes

Die BLA word soos volg bereken: A = B minus (35 + C)
Waar:
A = die aantal jare in die eerste kolom
B = die aansoeker se ouderdom ten tyde van die aansoek
C = die aantal jare krediteerbare dekking

Alexander Forbes Health is a licensed financial services provider (FSP 33471).
CMS registration number ORG 3064

Bylae B: Opsie-veranderingsvorm, 2016 Discovery Health
Werknemer se naam: NG Kerk in SA

LIDBESONDERHEDE			
Naam		**Lidmaatskapnommer**	
Van		**Bestaande plan**	

PLANKEUSE

Ek wil graag my plan-opsie vir 2016 soos volg verander (Merk die korrekte boksie met 'n ✓)

Plan-opsie	Merk✓	Plan-opsie	Merk✓
Eksklusief		Essensieel Delta Spaarder **	
Klassiek Omvattend		Kusstreek Spaarder *	
Klassiek Delta Omvattend **		Slim Plan ****	
Klassiek Omvattend Zero MSR		Klassiek Kern	
Essensieel Omvattend		Klassiek Delta Kern **	
Essensieel Delta Omvattend **		Essensieel Kern	
Klassiek Prioriteit		Essensieel Delta Kern **	
Essensieel Prioriteit		Kusstreek Kern*	
Klassiek Spaarder		Keycare Plus ***	
Klassiek Delta Spaarder **		Keycare Access ***	
Essensieel Spaarder		Keycare Kern ***	

* Slegs vir lede wat in kusprovinsies bly l ** Die Delta planne maak gebruik van 'n Delta netwerk van hospitale l *** Die KeyCare planne maak gebruik van die KeyCare Netwerk van hospitale l **** Slimplan netwerk van hospitale

Slegs vir ***KEYCARE PLUS/ACCESS aansoekers

Voltooi asseblief die diensverskaffer se besonderhede
Verskafferlys/-name beskikbaar vanaf www.discovery.co.za of 0860 100 694

Afhanklike	Naam van dokter	Praktyknommer

VITALITY/KEYFIT-KEUSE

Ek wil graag my Vitality en/or KeyFIT-opsie vir 2016 soos volg verander (Merk die korrekte boksie met 'n ✓)

	Aansluit by Vitality		Kanselleer Vitality
	Aansluit by KeyFIT		Kanselleer KeyFIT
	Aansluit by Vitality en KeyFIT		Kanselleer Vitality en KeyFIT

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat volledige produkinligting aan my beskikbaar gestel is deur Discovery Health en/of Alexander Forbes Health wat my in staat gestel het om 'n ingeligte besluit te neem ten opsigte van die kies/verander van my planopsie. Ek bevestig ook dat indien ek raad of hulp benodig, ek volle toegang sal hê tot my Alexander Forbes Health-konsultant. Ooreenkomstig die Reëls van die Mediese Skema, doen ek hiermee aansoek om my mediese skema-plan te verander soos hierbo aangedui. Ek verstaan die reëls, voordele en finansiële implikasies van hierdie keuse van plan-opsie**.**

Handtekening	**Datum**

Hierdie vorm moet ingevul en terugbesorg word aan Christine Lombard teen Vrydag 27 NOVEMBER 2015.